DAGSTUKKIE

WANNEER GEBED *Verhouding word*

OM NA DIE VADER TE KOM
WAT ONS NADER NOOI



"So moet julle dan bid: Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde."

MATTEUS 6:9–10

Toe Jesus Sy dissipels leer bid het, het Hy met twee eenvoudige woorde begin: ***Ons Vader***. Gebed begin by ***verhouding***.

Jesus nooi ons om na God te kom, nie bloot met 'n lys van behoeftes nie, maar as kinders wat na hulle Vader toe kom. Ons kom om Hom te aanbid, ons behoeftes voor Hom te bring, Sy wil te soek en tyd in Sy teenwoordigheid deur te bring.

Soms maak ons gebed baie ingewikkelder as wat dit hoef te wees. Ons wonder of ons genoeg gebid het, die regte woorde gebruik het, of God dalk op een of ander manier teleurgestel het deur ons mislukkings. Maar die Skrif herinner ons dat almal gesondig het en tekortskiet aan die heerlikheid van God (Romeine 3:23), en tog word ons deur Christus genooi om met vrymoedigheid tot God te nader.

Jy kan God nooit in die steek laat omdat dit nooit jy was wat Hom staande gehou het nie.

God is nie afhanklik van ons volmaaktheid nie. Wanneer ons Sy genade en Sy liefde vir ons begin verstaan, gaan gebed minder daaroor om alles reg te doen en meer daaroor om nader te kom. Ons kan eerlik praat. Ons kan aanbid. Ons kan ons behoeftes bring. Ons kan bely. Ons kan stil wees.

En gebed hoef nie elke oomblik met óns woorde gevul te wees nie. Soms moet ons lank genoeg ophou praat om te luister — om toe te laat dat die Skrif ons harte vorm en om vir die Heilige Gees ruimte te gee om God se waarheid onder ons aandag te bring.

Gebed is meer as om 'n lys voor te lê.

Dit is verhouding.
Dit is gemeenskap.
Dit is om nader te kom.

DINK NA

1. Wanneer jy bid, praat jy meestal met God — of maak jy ook ruimte om stil voor Hom te wees?

2. Wat kan in jou gebedslewe verander wanneer jy eerstens na God as Vader kom, eerder as om met alles te begin wat jy van Hom nodig het?

VANDAG

Sit 'n paar rustige minute opsy.
Maak jou Bybel oop. Sit vir 'n oomblik die lys eenkant.
Begin eenwoudig: *"Vader, ek is hier."*
Lees. Bid. Luister.
En laat jou tyd saam met Hom meer word as net iets wat jy doen.
Laat dit verhouding word.

GEBED

Vader, dankie dat ek na U toe kan kom. Dankie vir U liefde, U genade en U uitnodiging om nader te kom. Help my om stadiger te word, te luister en 'n dieper verhouding met U te geniet. Leer my om te bid met 'n hart wat U vertrou en liefhet.

Amen.